Inhoud

Voorwoord i

JY MET JOUSELF
Wie ís ek as ek myself is? 1
Individiere se maniere 2
Wat is ’n boek sonder ’n huis? 4
Tussen die krake deur kom die lig. 5
Aan die plaaskant van die vliegtuig 7
Die baie gestaltes wat jy is 8
’n Plek in die geskiedenis? 9
Geluk lê net om die draai? 11
Die hellevaart van eensaamheid 13
Lieflik onthou, doelmatig vergeet 15
Hier’t, jou lelike ding! 16
Gebruik jou gesonde verstand 17
Ná al die jare: Jammer, Meneer! 19
Op die bed van luiheid 20
Doof die geraas daar binne 22
Leer om te huil, leer om te lag 23
Met noukeurige hand geskryf 25
Man en boom en wind 27
Salig is hulle wat lag 28
Die hart van ’n lafaard 30
Om Pooh en Piglet te wees 31
Oombliklik die bliksem in! 32
Grootmens, verbeel jou bietjie! 34

JY EN DIE ANDER
Meer as al die leuens wat jy kan fabriseer … 36
Ander se smart is heilige grond 37
Die leë nes 39
’n Vrou het ’n wife nodig 40
Oe-la-la! 41
Ek nooi jou uit 43
Vriendskap – gemaklik soos ou skoene 44
Net waar ek kyk, is jy! 46
Die baie bote wat ’n pa is 47
Die vuurherd wat ’n ma is 48

Skattie, druk my! 50
Ek het nie tyd nie! 51
Jy is my eerste persoon 52
Jy is voor jy weet jy is 54
Wanneer nog 'n kleinkind kom 55
Wanneer 'n kleinkind ernstig siek is 57
Tot verhaal kom 58
"Vandag nog ruik ek Old Spice ..." 59
"Oupa, praat jy met my?" 61
'n Bietjie hemel op aarde 62
Tempeltjies van herinnering 64
Ag nee, nie al weer nie! 65
Leef in 'n ander se ensiklopedie 67
Niemand kan lieg soos dié vrou nie 68
Sprinkel die sout 69
Sien én hoor die kinders 71

JY EN DIE SAMELEWING
Blink pêrels uit die donker waters 73
Die lied van die armes 74
Die eindelose avontuur 76
Disnis gegoogle 78
As jy nie kan lees of skryf nie 79
Hoe soet is dit om vir die vaderland te sterf 80
Kennisbasaars 82
Die eietydse saampraters 83
Dié "scrap" is durende erfgoed 85
Penelope wag nie meer by die huis nie 86
Selfmoord: 'n dood soos geen ander nie 88
Zammachat chepooka in Afrieng 90
Bly twis oor alles en niks 91
Sy aan sy lê die doodsondes 93
T-hempies maak jou week 95
Alle togas pas Madiba 97
Boer met tamaties en met waardes 99
'n Nuwe (afgekorte) soort mens 101
Wat ons verbrou, kry die kinders reg 102
Geskape na die beeld van die internet 104
Versoening in Moermekaarland? 105
Skaapkop vir die staatspresident 107
Swart mense se swaarste juk 109

Stilte in die hof! . . .. .110
Op soek na waardes 111
Die “groenes” teen die “bloues”. 113
O, dis so mooi! 115
Hier kom die (nuwe) B-ô-kk-e! 116
Lieflike (sokker)neurose 118
Marilyn Monroe – foto in X-straal 119
Frenetika het my beet 121
Ek het, daarom is ek. 123
Stad vat aan jou lyf. 124
As glansmense twiet en twitter. 126
Ons bangheid kom van ver 127
Jacob en die koning: ’n moderne sprokie. 129
Pulpfiksie en “die totale aanslag”. 131
Pas jou GPS aan 133
Hoor hoe sug die ore 134
’n Man en sy wiele 136
Moet net nie ’n fout maak nie. 137
Kaalvuis teen kaalvuis in die woordkryt 139
Respek vir klip 141
En hoor jy die magtige dreuning 142
Awesome, amazing, stunning. 144
’n Samelewing skinder oor homself 145
Almal weet van ego en id 147
Toe sien die wetenskap dat dit goed was 148
Kyk hoe koekeloer ons 150

JY EN DIE GROOT MISTERIE
Die geheim bly swyg 153
Alles te danke aan die eerste klanke. 154
As ek in eerbied wonder 155
Trane oor die dinge van God 157
Geloof gaan van staning tot staning 159
Prewel saggies soos ’n priester 160
Aanbiddingspornografie? 162
“Ek glo nie in God nie, maar ek mis Hom” 164
God in die stilte én in die geraas 165
Gebed geweeg, ek te lig bevind 166
Om vuur te word en vlam te wees 168
Kyk wat het Jesus gedoen! 170
KFC en die Laaste Avondmaal 171

Die skepper van die byna niks 173
1 God, 1 oseaan, 3 blikoopmakers 174
Wat die verstand te bowe gaan 175
“Hy het ’n spyker deur my hand geslaan” 177
Jesus vir ete 178
O, God, is Jesus hier? 180
Toe het die ganse kosmos gegloei 182
Hy, mens genoeg soos ek en jy 183
God eet uie 185
“Bybel” tuimel na God 187
Nie met gebalde vuiste nie 188
Spirituele honger 190
“Ek is wat Ek is” 191
Teksvers uit die evangelie van P.G. 193
Die trein na Manhattan 194

OOR DIE OUTEUR 197

Voorwoord

I

In die tagtigerjare het ek bewus geraak van Wilhelm Jordaan as rubriekskrywer. Deur die afgelope paar dekades bly hy verras met sy insigte in alle fasette van menswees: politiek, godsdiens, familie, kindwees, die dood, natuur, omgewingsake, die toekoms, selfhelpboeke, en wat meer. Telkens begelei hy die leser met skerp opmerkings, altyd met verwysings na boeke. Die letterkunde en sielkunde is sy verwysingsveld waarmee hy ’n rubriek amplifiseer. ’n Teks wat hy ken, som hy vir die leser op en hy verruim die leser se ervaring van die hier en nou. Wanneer hy skryf oor leuens, dan neem hy jou na Ibsen. Mag ons iemand se leuenwêreld aan die kaak stel sodat dit sy hele lewe in duie laat stort?

Hoe werk ons met nostalgiese herinnering? Mag ons toelaat dat dit ons lewe vervals? Hoe neem ons afskeid van ’n geliefde? Wat maak ons met die gebeure rondom 9/11?

Deur die jare heen het ek hom versoek om weekliks sy rubrieke vir my per e-pos te versend. Só had ek die voorreg om dit eerste te lees en later weer in die koerant. Altyd die sobere, afgeronde rubrieke wat klokslag in my inboks land, vergesel van ’n persoonlike boodskap. Daarna met ’n tweede leesplesier in die koerant.

Wat maak Jordaan so ’n uitnemende rubriekskrywer? Hier is geen hipertrofiese ego nie. Alles bly sober. Hy staan vierkantig vas in sy denkwêreld as ’n ingeligte, belese mens. Hy kyk deur ’n bril en vertolk namens ander mense die lewe daarbuite sonder om opdringerig of pedanties te wees. Hy beleër nie. Inteendeel. Hy skryf as ’n lewenswyse mens wat konflik wil uitskakel. Hy bemiddel, hy verduidelik, hy gee raad. Hy is ín sy rubrieke, ja, maar nooit opdringerig of aanmatigend nie. Hy is die een rubriekskrywer wat ’n “voice of reason” oordra. Dikwels lees mens ’n rubriek van hom wat jou, lank nadat die koerant vergeel en weggesmyt is, laat nadink oor die gebeurlikheid van menswees. ’n Klein insident kan hy verpak in ’n Montaigneagtige essay.

Sy verstommende belesenheid maak van elke rubriek ’n gebeurtenis. Die glimlaggende man verskuil agter ’n bril is iets wat in ons dagblaaie ’n waarmerk is van gehalte. ’n Goeie rubriekskrywer boekstaaf die geskiedenis in al sy fasette. Hy vertolk ons vrese, wanhoop, ontnugtering en hoop. Hy kyk vorentoe en

Ná al die jare: Jammer, Meneer!

Soms lees 'n mens 'n boek te vroeg in jou lewe, en soms te laat.

Soos Ezra Pound skryf in *The ABC of reading*: "Niemand begryp 'n diepsinnige boek tensy hy ten minste gedeeltes daarvan self gesien en geleef het nie."

Daarom dan, terug na die 1950's (in 'n seunskool in Bloemfontein) met Frederik van Eeden se *De kleine Johannes* as voorgeskrewe boek vir Afrikaans, standerd 9 (vandag se graad 11). En terug na die klaskamer waar my onderwyser, wat taal soos 'n beminde liefgehad het, sê: "Lees die boek aandagtig, dan gesels ons volgende week daaroor."

Ek lees en reken ek begryp dit: 'n sprokie oor hoe jy in die lewe vorder van 'n knapie tot 'n jongman. Maar die voorliefde vir gekskeer en sport, 'n bruisende adolessensie en die meegaande soort "klierkoors" (waarvoor antibiotika nie help nie!) laat nie ruimte vir nadenke en lewenstoepassing nie. Wat my eintlik interesseer, is dat Johannes verlief raak op 'n meisie (Robinetta, wat ek tot vermaak van jillende maats, "rowwe Netta" noem). Maar, helaas, daar gebeur nou nie eintlik iets tussen hulle wat 'n seun se eenrigtingverbeelding prikkel nie.

Dan is daar nog die dromerige kabouterkêreltjie met die naam Windekind. En 'n slim hoofkabouter met die naam Wistik wat vele vrae vra. Ook 'n man met die naam Pluizer wat alles weet en ontrafel. Asook 'n wetenskaplike/medikus (dr. Cijfer) wat met 'n konyn eksperimenteer in belang van die mensdom. En, om alles af te rond, is daar die Dood, 'n groot, ernstige en baie besige man.

Later lees die onderwyser gedeeltes uit die boek voor. Ek kan sien hy is plek-plek aangedaan. "Seuns, weet julle waaroor dit gaan? Dis 'n allegorie wat vra: Watse krag gee rigting aan jou lewe – die droom, die rede of die liefde?"

Opeens, met oë wat effens nat is, weet ek waarvan hy praat. Maar verset my teen dié soort emosie wat seuns nie vir mekaar (mag) wys nie. As 'n vorm van verweer spoor ek my maters aan om Windekind en Kie kekkelend te hekel. En skryf later 'n vernuftige, verspotte opstel oor dié "allergoortjie" waarin ek die karakters tot kraters verklaar. Skryf my onderwyser onderaan: "De Kleine Wilhelm, hiervoor kry jy 'n goeie punt, maar dit is tyd dat jy grootword. Van *De Kleine Johannes* verstaan jy bitter min."

’n Nuwe (afgekorte) soort mens

Onlangse navorsing verskaf onrusbarende redes waarom pas gegradueerdes in Suid-Afrika dikwels nie werk kry nie: Gebrekkige selfvertroue wat omsit in swak kommunikasie wat verhinder dat hulle oor die hekkie van die eerste werksonderhoud kom. Dit het te make met basiese kommunikasiedinge soos om werkgewers in die oë te kyk, ’n stewige handdruk te gee en om gedagtes duidelik te formuleer. Die navorsers wyt dit aan die selfoonkultuur en die uitwerking van SMS-taal.

Dié bevinding strook met die Darwin@LSE-instituut in Londen se navorsing wat sê tegnologie skep ’n nuwe soort mens, een met gebrekkige gespreksvernuf en ’n onontwikkelde emosionele lewe, een wat die lewe net in klein lettergrepies kan bedink. Waarom so?

Die ordelike formulering van gedagtes berus op die beproefde grammatika van sinsbou as jy skryf en praat, en sinsontleding as jy lees. Oormatige gebruik van SMS-taal programmeer die intellek vir die afkorting van gedagtegange sonder die hegwerk van grammatika. Tot so ’n mate dat jy nie meer weet wat is taalmatig nodig om ’n gedagte of ’n argument in logies opeenvolgende volsinne of stellings uit te druk nie. Jy raap hier en skraap daar en kom op dié manier oor as onsamehangend en stompsinnig.

Op wesenlik dieselfde wyse word jou emosionele lewe “afgekort”. Soos dit kom deur die gebruik van emotikons in SMS-taal. Dinge soos :- (vir droefheid), :- O (vir verbasing), :-S (vir verwarring), =O (vir geskoktheid), en :@ (vir woede). Alles veronderstel om jou “ware gevoelens” te betuig.

Op die duur raak oormatige emotikongebruikers ongevoelig vir die subtiele nuanses van die gevoelslewe, soos dit kan blyk in onderhoude en in emosioneel gelade werkverhoudings. Emosionele afstomping is die gevolg: Jy kan egte emosies nie herken nie en ook nie daaraan uitdrukking gee nie.

Dit herinner aan Data, ’n karakter in *Star Trek*: *The next generation*, wat die voorkoms van ’n mens het en voorgestel word as ’n wese met vurige oë wat teen ’n verbysterende spoed inligting verwerk. Een vermoë het hy nie: dié om egte gevoelens te kan hê. Hy herken dit as “data”, maar kan dit nie ervaar nie. En dit is sy grootste verlange. Toegegee dit is wetenskapfiksie en dat die gebruik van emotikons tans bloot ’n foefie is, maar op die duur kan dit mense ongevoelig maak vir die ryk nuanses van hul gevoelslewe.

lê tog wel soms
woorde in my mond
om uit te roep met skryf
die verlange van 'n mens wat selde
iets van U begryp.

Vir almal wat glo – hoe stamelend, struikelend of twyfelend ook al – bring Pinkstermisterie die meevoerende krag van mistiek. Om opnuut te gloei, vuur te word en vlam te wees.

Kyk wat het Jesus gedoen!

Op die buffer van 'n BMW voor my in die pad – 'n slank blink vuurwa soos dié waarmee sommige BBP's ry – staan dié woorde: "Look what Jesus has done!" Dit moet verstaan word as 'n manier waarop 'n welvarende, gelowige mens openlik dankbaarheid teenoor God betoon vir die welvaart wat hy geniet.

Dankbaarheid teenoor God is 'n geval van soveel hoofde, soveel sinne. Sommige doen dit met ootmoed in openbare ruimtes deur slagspreuke en getuienisse oor hoe God hulle seën. Ander doen dit, eweneens met ootmoed, in private ruimtes in hul binnekamer, deur bepeinsing in die stilte van hul tuin, of elders in die natuur.

Mens wil nie die vorm van iemand se dankbaarheid diskrediteer nie. Tog behoort ons daaroor na te dink omdat dankbaarheidsuitings lastige subtekste kan bevat wat geloof in God uiters vreemd laat voorkom. Om dit, vireers, ietwat wrang in te klee: 'n Motoris begaan 'n oordeelsfout en veroorsaak 'n ongeluk waarin mense sterf. 'n Koerant plaas die foto van die karwrak waarop staan: "Look what Jesus has done!" Ek laat die vertolkingsmoontlikhede vir die leser se verbeelding.

Só is daar baie ander subtekste wat eweneens gevaarlik is oor wat hulle te kenne kan gee, miskien juis in ons samelewing waar die verskil tussen ryk en arm so skreiend opvallend is. Byvoorbeeld: Terwyl jy werklik oortuig en dankbaar is dat jou welvarendheid van God kom, kan jou openbare dankbaarheid te kenne gee God het jou spesiaal beloon, sy teenprestasie vir jou lewe van toewyding aan Hom.

Hoe moet gelowige armes wat ook hul lewe aan God toewy, maar nooit materiële oorvloed sal hê nie, hul situasie beleef? Dat God